

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

EKONOMIE

NOVEMBER 2011

MOONTLIKE ANTWOORDE

PUNTE: 300

Hierdie memorandum bestaan uit 30 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1 LU1–LU4****1.1 Meervoudigekeuse-vrae**

- 1.1.1 C (faktorkoste) ✓✓
- 1.1.2 A (voorspoed) ✓✓
- 1.1.3 C (devaluasie) ✓✓
- 1.1.4 C (homogeen) ✓✓
- 1.1.5 A (natuurlike) ✓✓
- 1.1.6 C (diskriminasie) ✓✓
- 1.1.7 A (nywerheidsontwikkelingsone) ✓✓
- 1.1.8 C (OBSA) ✓✓
- 1.1.9 B (nywerheids-) ✓✓
- 1.1.10 B (sosiale en politieke konflik of burgeroorlog) ✓✓
- 1.1.11 A (voordeel uit 'n toeris groter is as die geld wat gespandeer is) ✓✓
- 1.1.12 B (arbeids-) ✓✓ (12 x 2) (24)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende omskrywings, deur 'n term uit die lys te kies.

- 1.2.1 dumping ✓✓
- 1.2.2 niemerietegoedere ✓✓
- 1.2.3 disekwilibrium ✓✓
- 1.2.4 ekonomiese aanwyser ✓✓
- 1.2.5 bewaring ✓✓ (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n item in KOLOM A.

- 1.3.1 B – Die verhouding tussen die uiteindelijke verandering in inkome en die aanvanklike belegging. ✓✓
- 1.3.2 E – Onderhandel oor buitelandse vryhandelgebiede met die res van die wêreld ✓✓
- 1.3.3 A – Besteding van 'n besigheid op die aankoop van insette benodig vir produksie ✓✓
- 1.3.4 D – Organisatoriese kenmerke van volmaakte en onvolmaakte markte ✓✓
- 1.3.5 C – Daardie deel van 'n toename in inkome wat nie verbruik word nie ✓✓
- 1.3.6 G – 'n Verspreiding van inkome onder die bevolking ✓✓
- 1.3.7 F – 'n Stel regtens bindende internasionale ooreenkomste gemik op die vermindering van kweekhuisgasse ✓✓
- 1.3.8 H – Voorkom die uitwissing van elemente van die omgewing ✓✓ (8 x 2) (16)

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2

2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word:

2.1.1 finansiële ✓✓

2.1.2 teenoorgestelde ✓✓

2.1.3 voet ✓✓

2.1.4 ekonomiese / sosiale ✓✓ (4 x 2) (8)

2.2 Noem enige DRIE voorbeelde van gemeenskapsgoedere.

- verdediging ✓✓
- polisie ✓✓
- straatbeligting ✓✓
- vloedbeheer ✓✓
- Enige ander voorbeeld wat nie-uitsluitbaar is nie (Enige 3 x 2) (6)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

2.3.1 Dit reflekteer 'n land se handel en finansiële transaksies ✓ met die res van die wêreld ✓ oor 'n sekere periode van tyd ✓
Enige ander relevante definisie is aanvaarbaar. (3)

2.3.2	Goedere-uitvoere	R503 656 miljoen ✓	
	+ Netto gouduitvoere	<u>R52 776 miljoen</u> ✓	
		556 432 miljoen	
	- Goedere-invoere	<u>R554 161 miljoen</u> ✓	
		R2 271 miljoen ✓✓✓	(3)

Indien die antwoord nie gegee word nie / foutief is, mag 'n maksimum van 2 punte toegeken word vir die korrekte elemente (wiskundige berekeninge).

2.3.3 Dit sal die handelsbalans verminder/negatief beïnvloed / invoere sal uitvoere oorskrei ✓✓ (2)


2.3.4 Lopende oordragte ✓✓ (2)

2.4 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

- 2.4.1 Enige verandering (toe- of afname) in owerheidsbesteding ✓✓ en belasting ✓✓ / Enige veranderinge wat deur die Minister van Finansies aangekondig is ✓✓ (2)
- 2.4.2
- Dit is meer arbeidsintensief ✓✓ /
 - Grootste bydraer tot die BBP rakende ongeskoolde arbeid ✓✓
 - Aanvaar enige ander relevante antwoord (2)
- 2.4.3 Owerheid moet fokus op die verleen van voorkeur ekonomiese groei ✓✓ deur effektiewe begroting ✓ bv. infrastruktuur, indiensname ✓
Aanvaar enige ander relevante antwoord (4)
- 2.4.4 'Die owerheid se poging met betrekking tot maatskaplike- en herverdelingskwessies oorskrei dié wat toegewy is aan die skepping van 'n groeivriendelike omgewing.' ✓✓ (2)

2.5 Bespreek die endogene benadering as 'n oorsaak van sakesiklusse.

- Ook bekend as die Keynesiaanse benadering of Intervensionisme ✓✓
- Het sienswyse dat markte inherent onstabiel is ✓✓
- Vlak van ekonomiese aktiwiteite oor- of onderpresteer gereeld maar onreëlmatig – bo of onder sy potensiaal ✓✓
- Prysmeganisme slaag nie daarin om vraag en aanbod in goedere- en faktormark te koördineer nie ✓✓
- Pryse nie buigsaam genoeg nie bv. lone ✓✓
- Endogene kragte bv. indirekte skakels, verkeerde kombinasies en onewewigtighede verantwoordelik vir sikliese fluktuasies ✓✓
- Sakesiklusse is inherente eienskap van 'n markeconomie ✓✓
- Pieke en trôe word met hulp van intervensionistiese regeringsbeleid meer gelyk gemaak ✓✓
- Persepsies / vooruitskattings rakende die toekoms ✓✓
- Faktore binne die mark ✓✓
- Aanvaar die grafiek vir 'n maksimum van 2 punte



- Die potensiële groeipad van die ekonomie word deur die dun swart lyn aangedui. Die vetgedrukte sikliese bewegings om die dun swart lyn is die werklike roete wat deur die ekonomie gevolg word – die pieke en trôe word met behulp van intervensionistiese regeringsbeleid meer gelyk gemaak ✓✓
- Voorbeelde gegee – maksimum 2 punte (Enige 4 x 2) (8)

2.6 Bespreek die interaksie tussen die huishoudings en die staat as deelnemers in die ekonomiese kringloop.

Huishoudelike sektor verskaf arbeid aan die staat ✓✓ en ontvang 'n inkome ✓✓ Die staat verskaf kollektiewe goedere en dienste aan huishoudings ✓✓ bv. parke, hospitale ✓✓ waarvoor hulle belastinge betaal ✓✓ dit vorm die inkomste van die staat ✓✓ (Enige 4 x 2)

'n Maksimum van 4 punte (2 vir die huishouding en 2 vir die staat) indien geen interaksie getoon word nie.

(8)
[50]

VRAAG 3**3.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word**

3.1.1 negatiewe ✓✓

3.1.2 maksimum / minimum ✓✓

3.1.3 dieselfde ✓✓

3.1.4 toekennings- ✓✓

(4 x 2) (8)

3.2 Noem DRIE maniere waarop die owerheid belastinginkomste kan gebruik om die ongelyke verdeling van inkomste te verminder.

- Subsidiëring van goedere en dienste vir armes bv. hospitale ✓✓
- Inkomste-oordragte aan arm huishoudings bv. welsynstoelaes, ouderdomspensioen ✓✓
- Verskaf gratis goedere bv. publieke goedere ✓✓
- Implementering van werkskeppingsprogramme ✓✓
- Enige ander relevante feit of voorbeeld

(Enige 3 x 2) (6)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg:3.3.1 $A / MK = MI$ ✓✓

(2)

3.3.2 Unieke produk met geen naby-substitute ✓✓

(2)

3.3.3 Ekonomiese wins ✓✓Inkome = $200 \times R80 = R16\ 000$ ✓Koste = $200 \times R60 = R12\ 000$ ✓Ekonomiese wins = $R4\ 000$ ✓✓ OF

Aanvaar alternatiewe vorm van berekening van wins bv.

 $80 - 60 = 20$ ✓ $20 \times 200 = R4\ 000$ ✓✓

(6)

3.4 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.3.4.1 Oligopolie / onvolmaakte markstruktuur ✓✓

(2)

3.4.2 Pryvasstelling benadeel die armes ✓✓

(2)

Enige ander relevante beskrywing

3.4.3 Gebruik van nie-prysmededinging ✓✓ bv.

- Advertensies en bemarking ✓✓
- Lojaliteitstoekennings ✓✓
- Na-verkope diens ✓✓
- Besigheid doen oor die internet ✓✓
- Verlengde inkopie-ure bv. handel op Sondae ✓✓
- Deur-tot-deur verkope ✓✓
- Produk-proliferasie (vermenigvuldiging) ✓✓

(Enige 1 x 2) (2)

3.4.4

- Sement ✓✓
- Kos / bv. Brood, Premier Foods ✓✓
- Boumateriale ✓✓
- Medisyne ✓✓
- Plaaslike lugredery kaartjies ✓✓
- Staal ✓✓
- Asvalt ✓✓
- Pypleiding ✓✓
- Gas ✓✓
- Kunsmis ✓✓
- Fietse ✓✓
- Suiwelnywerheid ✓✓
- Enige ander relevante nywerheid, voorbeeld of onderneming / besigheid (Enige 2 x 2)

(4)

3.5

Verduidelik die rasionaal agter die koste-voordeel-ontleding.

- KVO help om beter besluite te neem oor hoe skaars hulpbronne toegeken word vir bevrediging van behoeftes ✓✓
- Behels besluitneming gebaseer om vergelyking van ekonomiese voordele met ekonomiese koste van 'n projek ✓✓
- Die uitvoerbaarheid van die projek word bepaal deur koste van die voordele af te trek ✓✓
- As die verskil positief is (voordele > koste) sal die projek onderneem word ✓✓
- Behalwe doeltreffende gebruik van hulpbronne, verseker die KVO dat die regte kombinasie goedere geproduseer word ✓✓
- Dit voorsien ons ook van alternatiewe oplossings op spesifieke probleme ✓✓
- Dus moet 'n projek gekies word waar die voordele in vergeleke met die nadele die grootste is ✓✓
- Daar is 'n behoefte om die tydwaarde van geld te oorweeg omdat die projek eers in die toekoms van stapel gestuur word ✓✓
- Daarom sal toekomstige voordele en koste verreken word tot huidige waardes ✓✓
- Besluite deur mense, besighede en owerhede is belangrik vir die gemeenskap –betrek toeken van skaars hulpbronne ✓✓
- Die regte kombinasie van goedere en dienste geproduseer om behoeftes en begeertes te bevredig ✓✓
- Bring objektiwiteit na besluitneming – identifiseer relevante voordele en koste van die projek en kwantifiseer dit in geldelike terme om ingeligte besluitneming te doen (Enige 4 x 2)

(8)

3.6 Bespreek die doelwitte van die mededingingsbeleid in Suid-Afrika.

- Voorkom die misbruik van ekonomiese mag ✓✓ bv. by 'n monopolis ✓✓
- Reguleer die groei van markkragte ✓✓ d.m.v. oornames en samesmelting ✓✓
- Voorkom beperkende praktyke, veral by oligopolieë ✓✓bv. vasstel van verkooppriese, samespanning t.o.v. tenders of prysdiskriminasie ✓✓
- Lewer bydrae tot die ontwikkelingsdoelwitte van die staat ✓✓ eie voorbeeld ✓✓
- Verbeter die doeltreffendheid van markte ✓✓ deur wetgewing ✓✓
- Verbeter gelykheid in markte ✓✓ bv. Wet op Gelyke Indiensneming ✓✓
- Beskerm die verbruiker teen onregverdige pryse en minderwaardige produkte ✓✓ bv. Mededingingswet ✓✓

(Enige 2 x 4)

(8)
[50]

VRAAG 4: LU3 EKONOMIESE STREWES, AS1-AS4**4.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word:**

4.1.1 regulering ✓✓

4.1.2 sentrale ✓✓

4.1.3 desentralisasie ✓✓

4.1.4 Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging ✓✓ (4 x 2) (8)

Noem enige DRIE metodes wat gebruik kan word om invoervervanging aan te moedig.

- Subsidies ✓✓
- Valutabeheer ✓✓
- Fisiese beheer ✓✓
- Wegkeer van handel ✓✓
- Kwaliteitstandaarde ✓✓
- Ekonomiese sanksies ✓✓ boikotte ✓✓ embargos ✓✓ disinvestering ✓✓
- Anti-dumping maatreëls ✓✓
- Beskermingsmaatreëls – aanvaar indien gespesifiseer bv. Tariewe ✓✓
Kwotas ✓✓ Invoerdeposito's ✓✓ doeaneregte ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:4.3.1 Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap ✓✓ (2)

4.3.2 Volhoubare eko-sisteme ✓✓
 Die skepping van water-infrastrukture in die streek ✓✓
Verminder die aantal mense sonder drinkwater ✓✓
Maksimeer positiewe effek van ekonomiese- en sosiale welsyn ✓✓
Verbeter die gekoördineerde ontwikkeling en bestuur van water, grond en hulpbronne ✓✓ (Enige 2 X 2) (4)

4.3.3 Droogtes / Reënval-tekort ✓✓
Vloede / oormatige reënval ✓✓
Watertafel (verhoog of verlaag) ✓✓
 Enige ander relevante antwoord (2)

4.3.4 Gesondheid en voeding / gesondheid / voeding ✓✓ (2)

4.4 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

- 4.4.1 Ontwikkelende lande / lande van die Suide / enige voorbeel van 'n ontwikkelende land / opkomende ekonomieë / arm lande ✓✓ (2)
- 4.4.2 Wêreldbank ✓✓ (2)
- 4.4.3 Ontwikkeling / Investerings / Werkskepping / Infrastruktuur ✓✓
Aanvaar enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)
- 4.4.4 Koste van skuld is baie hoog / terugbetaling van baie rente oor 'n lang periode / hoër rentekoers / ongunstige terugbetaling-skedule ✓✓ (2)
- 4.4.5 Japan ✓✓/Duitsland ✓✓/Frankryk ✓✓/Italië ✓✓/USA ✓✓/
VK ✓✓/Kanada ✓✓/Rusland ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

4.5 Verduidelik kortliks die vraagkantbeleid, gebruik in die bevordering van groei en ontwikkeling.

Sluit diskresionêre veranderinge in monetêre en fiskale beleide in met die doel om die peil van totale vraag, en daarom produksie, te verander ✓✓

- **Monetêre beleid** ✓✓ bestaan uit besluite geneem deur sentrale banke wat rentekoerse beïnvloed ✓✓
- En die geldvoorraad ✓✓ van 'n land
- Sentrale banke bestuur beskikbaarheid van geld dmv opemarktransaksies ✓✓
- en kontantreserwevereistes ✓✓
- hulle bestuur die koste van geld dmv rentekoersveranderinge ✓✓

- **Fiskale beleid** ✓✓ fokus op begrotingstekorte en surplusse om totale vraag te verhoog of te verlaag ✓✓
- Verandering in belastinge en/of besteding, en/of algehele tekort en surplusse op begrotings, stimuleer of beperk regering se ekonomiese groei en ontwikkeling ✓✓
- 'n Mengsel van monetêre- en fiskale beleid word gebruik in doelgerigte pogings om die ekonomie fyn te verstel ✓✓

Om ekonomiese groei te verseker, behoort daar voldoende en stygende vraag na goedere en dienste wees ✓✓

- Totale vraag bestaan uit: verbruikersvraag (C) / besteding, Investeringsvraag (I) / besteding, owerheidsvraag (G) / besteding, uitvoere minus invoere (X – M) / Dus: $\Delta BBP = \Delta C + \Delta I + \Delta G + \Delta(X - M)$ ✓✓
- Styging in uitvoere verhoog die groeikoers ✓✓
- Bevoordeel ook die bydrae tot die ewewig in die betalingsbalansrekening ✓✓
- Ekonomiese groei kan gestimuleer word deur die vermindering van invoere van sekere produkte deur hierdie produkte plaaslik te produseer ✓✓

Faktore wat ontwikkelingstrategieë beïnvloed:

- Klem word geplaas op die menslike aspekte van ontwikkeling ✓✓ wat die bevrediging van basiese menslike behoeftes insluit asook die belangrikheid van eiebelang en vryheid van keuse ✓✓
- 'n Sleutelement in ekonomiese ontwikkeling is die feit dat mense van 'n land die vernaamste deelnemers moet wees ✓✓ in die proses wat verbetering in die lewens van die bevolking meebring ✓✓ (Enige 4 x 2)

(8)

4.6

Bespreek enige TWEE argumente ten gunste van vryhandel.

- **Spesialisasie** ✓✓ die teorie van komparatiewe voordeel toon dat wêreldproduksie verhoog kan word indien lande spesialiseer in dit wat hulle die beste produseer ✓✓ Laer pryse en hoër vlakke van produksie ✓✓ Ontwikkelende lande kan voordeel trek uit buitelandse kundigheid ✓✓ Lei tot wedersydse bevoordeling uit internasionale handel vir alle lande ✓✓ Mees effektiewe verspreiding van hulpbronne ✓✓ omdat elke land spesialiseer in mees effektiewe produksie ✓✓ vryhandel-argument is oorredend – as elke nasie dit produseer wat hul die beste kan doen lei dit tot handel ✓✓ oor die langtermyn sal almal laer pryse geniet en hoër vlakke van uitset, inkome en verbruik ✓✓ produktiwiteit word versterk ✓✓ handelsbeperkings neig tot weerwraak ✓✓ beskerming lei tot koste vir die gemeenskap, ondoeltreffendheid en verlies aan welvaart ✓✓
- **Skaalvoordele** ✓✓ handel laat toe dat skaalvoordele gemaksimeer word en sodoende daal eenheidskoste ✓✓ bevorder mededinging en verbeter hulpbrontoedeling ✓✓ in elke land word die optimale gebruik van gawes van produksiefaktore toegelaat ✓✓ bevorder toename in doeltreffendheid, produk-verbetering en tegnologiese gevorderdheid ✓✓ Ondernemings kompeteer voortdurend om nuwe produksiemetodes te vind wat koste sny en lei tot verbeterde kwaliteit en betroubaarheid van goedere ✓✓
- **Keuse** ✓✓ verbruikerswelvaart verhoog, omdat sommige verbruikers verkies om buitelandse goedere eerder as plaaslike goedere te koop ✓✓ Lei tot groter wêreldproduksie van verhandelde goedere ✓✓ toename in ekonomiese welvaart ✓✓ styging in totale uitset ✓✓
- **Innovasie** ✓✓ vryhandel impliseer mededinging, wat 'n kragtige aansporing vir innovasie is ✓✓ Besighede ding ook mee om produksiemetodes te vind wat kostebesparend is, en die kwaliteit en betroubaarheid van goedere verbeter ✓✓ Dit genereer buitelandse valuta ✓✓
- Versnel allesomvattende ekonomiese groei ✓✓ wat winste asook groter besparings en investering bevorder ✓✓
- Oop ekonomie sal beter vaar in 'n tydvak van globale geïntegreerde produksie en tegnologiese hervorming ✓✓ as 'n geslote ekonomie ✓✓

(Enige 2 x 4)

(8)
[50]

VRAAG 5: LU4 KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES, AS1-AS4**5.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word:**

5.1.1 die owerheid ✓✓

5.1.2 bestemming ✓✓

5.1.3 direkte omgewingspanning ✓✓

5.1.4 herwinning ✓✓ (4 x 2) (8)

5.2 Noem enige DRIE voorbeelde van ekotoerisme in Suid-Afrika.

- Besoek natuurlike gebiede wat ongerep is ✓✓
- Drakensberge ✓✓
- Nasionale Krugerwildtuin ✓✓
- Besigting van natuurtonele ✓✓
- flora and fauna ✓✓
- plantegroei ✓✓
- woude ✓✓
- dierelewe ✓✓
- geniet die sonskyn, see, mere en riviere ✓✓
- Enige ander relevante voorbeeld van eko-toerisme (Enige 3 x 2) (6)

5.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

- 5.3.1
- bio-massa /-diesel / -gas / -brandstof ✓✓✓
 - hidro ✓✓✓
 - windturbines ✓✓✓
 - branders / gety-energie ✓✓✓
 - sonkrag ✓✓✓
 - brandhout ✓✓✓
 - Enige ander hernubare bron (Enige 1 x 3) (3)
- 5.3.2
- Verminder uitlaat van CO₂ / verminder koolstofdioksied (vlakke van koolstof) ✓✓✓ (3)
- 5.3.3
- Groenbelasting is belasting op uitset of verbruik wat gehef word op die nadelige effek op die omgewing / belasting gehef op verbruikers en produsente van afval en besoedeling ✓✓
 - Ook bekend as omgewingsbelasting ✓✓
 - Bv. Heffing op bande, uitlaatgas-belasting, plastieksakke ✓✓
 - Enige ander relevante verduidelikingh – maksimum 2 punte vir voorbeelde (2 x 2) (4)

5.4 Bestudeer die grafiek en beantwoord die vrae wat volg.

- 5.4.1 Afname ✓✓ (2)
- 5.4.2 Binnelandse toerisme behoort toe te neem ✓ a.g.v. 'n toename in die koopkrag van die rand ✓✓ (3)
- 5.4.3 Julie 2008 ✓✓ (2)
- 5.4.4 Ja ✓ Tussen 3–6% / Aanvaar enige antwoord tussen 3 en 6% ✓✓ (3)

Verduidelik die belangrikheid van inheemse kennisstelsels in die versterking van Suid-Afrika se toerismeprofiel.

- Toeriste soek bestemmings wat outentiek en uniek is ✓✓
- Hulle wil die inheemse kultuur, geskiedenis en omgewing verstaan ✓✓
- Hoe plaaslike mense leef en werk ✓✓
- Wêrelderfenisterreine bv. Mapungubwe – ruïnes uit vroeë steentydperk in Limpopo, Vredefortkoepel – 2 miljard jaar gelede het 'n meteoriet die Vrystaat getref, Sterkfonteingrotte – wieg van die mensdom, Robben eiland - waar Nelson Mandela aangehou is ✓✓
- Omgewingswêrelderfenisterreine verteenwoordig uiterstes van ons inheemse omgewingsuniekheid bv. Groter St Lucia vleilandgebied, Kaapse Fynbosstreek en uKhahlamba-Drakensbergpark ✓✓
- Kulturele toerisme ✓✓ museums, gallerye en teaters ✓✓
- Kulturele dorpie ✓✓ tradisionele danse en rituele in landelike gebiede, ekskursies na stedelike en dorpsgebiede. Plaaslike toeriste wil meer leer oor die inheemse mense leer ✓✓
- Kulturele nywerhede ✓✓ musiek, handwerk, boeke en publikasies, films ✓✓
- Kunsfeeste ✓✓ Nasionale Kunstefees in Grahamstown, Klein Karoo Kunstefees, Aardklop in Potchefstroom, bied besoekers die geleentheid om hul soeke na kultuur te kombineer met besigtiging van besienswaardighede, wynproe, geskiedenis, ens. ✓✓
- Enige ander voorbeeld (Enige 4 x 2) (8)

As voorbeelde alleenlik gegee word, kan 'n maksimum van 4 punte toegeken word.

5.6 Bespreek enige TWEE voordele van toerisme vir die huishouding.

- Inkome ✓✓ / werkskepping / salarisse en lone word verdien deur indiensname in die toerisme industrie ✓✓
- Infrastruktuur ✓✓ word geskep wat gebruik kan word deur toeriste en plaaslike inwoners ✓✓
- Vaardighede ✓✓ 'n wye verskeidenheid word deur toerisme vereis bv. Toerisme as skoolvak ✓✓
- Bemagtiging van vroue ✓✓ veral in landelike gebiede, verbeter familie lewe ✓✓
- Ondersteun die informele sektor ✓✓
- Veiligheid en sekuriteit ✓✓
- Vermindering van armoede ✓✓
- SEB ✓✓
- Investerings deur buitelanders ✓✓

(Enige 4 x 2)

(8)
[50]

Kandidate behoort 'n toepaslike verduideliking vir alle gelyste voordele te verskaf.

VRAAG 6: LU1 & LU3, AS1-AS4**6.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word:**

6.1.1 leidende ✓✓

6.1.2 infrastruktuur ✓✓

6.1.3 BBP ✓✓

6.1.4 hernubare ✓✓ (4 x 2) (8)

6.2 Gee DRIE redes vir die groei in internasionale toerisme

- Styging in besteebare inkome ✓✓
 - Vermindering in werksure ✓✓
 - Groter bewustheid van vryetydsbesteding en ontspanning ✓✓
 - Verbeterde vervoer, kommunikasie en akkommodasie ✓✓
 - Toename in advertensies en promosies ✓✓
 - Begrip van die voordele van vakansies en reis ✓✓
 - Gemak waarmee buitelandse valuta verkry word en betalings gedoen word ✓✓
 - Goedkoper vlugte ✓✓
 - Gunstige wisselkoerse ✓✓
 - Vreedsame politieke transformasie ✓✓
 - Drastiese toename in die MICE (Meetings, Incentives, Conferences and Exhibitions) ✓✓
 - Wêreldwye reis-tendense ✓✓
 - Verbetering in die toerisme-infrastruktuur ✓✓
 - Verbeterde koördinering met buurlande ✓✓
 - Goed-gevestigde Nasionale Parke ✓✓
 - Maatskappye wat leiding neem in beste-praktyk ✓✓
- Enige ander relevante feit (Enige 3 x 2) (6)

6.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

6.3.1 Besteding op bates wat geproduseer is en herhaaldelik gebruik word in die produksieproses ✓✓✓ / Toename in kapitaalvoorraad ✓✓✓ (3)

6.3.2 R2 407 689m ✓✓✓ /
 BBP = 2 428 316 ✓
 + Uitvoere = 657 113 ✓
 - Invoere = 677 740 ✓ (As die antwoord foutief is, word 'n maksimum van 2 punte toegeken indien wiskundig korrek) (3)

6.3.3 Dieselfde ✓✓
 Produksie BBP(P) = Inkome BBP(I) = Besteding BBP(E) ✓✓
 wanneer BBP bereken word / te wyte aan die residu item ✓✓ (4)

6.4 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

- 6.4.1 Besoedeling vind plaas wanneer mense op 'n regstreekse of onregstreekse manier afvalstowwe in die omgewing stort wat 'n negatiewe impak het op mens, plant en dier ✓✓ / Besoedeling ontstaan wanneer die uitvloeï van afval weens menslike bedrywigheide die natuur se vermoë oorskry om dit te verwerk ✓✓ (2)
- 6.4.2 Rook / rookmis / water / suurreën / giftige gasse / giftige chemikalieë / geraas / landskapskending / lugbesoedeling ✓✓ (2)
- 6.4.3 Groot skaal produksie lei tot voortdurende, toenemende besoedeling of 'n hoë vlak van besoedeling / beïnvloed die gesondheid van mense (lewensverwagting), dier- en plantspesies ✓✓✓ (3)
- 6.4.4
- Voorkomend: beleide, wetlike beperkings en strenger wetstoepassing ✓✓✓
 - Genesend: verminder die negatiewe effek van besoedelde grond bv. suiwering van waterbronne ✓✓✓
 - Enige ander relevante respons. (Enige 1 x 3) (3)

6.5 Bespreek enige TWEE redes vir openbare sektor-mislukking.

Bestuursmislukking ✓✓ / optrede van politici ✓✓

- Staar beleide voor en hou aan om geld te spandeer op projekte solank hulle stemme in ruil kry ✓✓
- En hierdie beleide mag ondoeltreffende toedeling van hulpbronne behels ✓✓
- Tekort aan kapasiteit ✓✓

Onverskilligheid ✓✓

- Suksesvolle publike produkte berus op langtermyn toerekenbaarheid ✓✓
- wat, indien dit nie korrek toegepas word nie, kan lei tot ondoeltreffendheid, korrupsie en swak dienslewering ✓✓

Gebrek aan motivering ✓✓

- Eersteliniëwerkers ontvang selde aansporings vir suksesvolle dienslewering ✓✓
- Daar is weinig voorskrifte vir kwaliteit en kwantiteit van diens, effektiwiteit en produktiwiteit ✓✓

Doelwitte is nie haalbaar nie ✓✓

- Sekere doelwitte mag teen mekaar werk ✓✓
- (bv.) owerheid herverdeel inkomste en welvaart te aggressief, wat meebring dat ekonomiese groei en ontwikkeling daaronder ly oor die langtermyn ✓✓
- Mikpunte vir nuwe geprivatiseerde besighede ✓✓

Burokrasie ✓✓ / Spesiale belangegroep ✓✓ / Eie belangsoekend ✓✓

- Pogings van belangegroep soos boere, georganiseerde arbeid om owerheidsoptrede te beïnvloed tot hul eie voordeel ✓✓ (Enige 2 x 4) (8)

6.6 Bespreek die effek van toerisme op BBP en Indiensneming.

BRUTO BINNELANDSE PRODUK:

- Impak op dienste-industrie is baie groter as op landbou of vervaardiging ✓✓
- Indirekte bydrae ✓✓ toerismesektor gedeeltelik verantwoordelik vir dienstesektor oor afgelope jare – 40% van BBP ✓✓ in ontwikkelde lande vorm dit 65 % van BBP ✓✓ makro-ekonomiese vermenigvuldiger ✓✓
- Direkte bydrae ✓✓ WRRT beraam dit op 6,8% in Suid-Afrika en 11,6% wêreldwyd / direkte besteding op toeriste-goedere en dienste; geldinkome ontvang van 'n toeris ✓✓
- Verwagte bydrae van toerisme sal 12% van BBP teen 2014 wees ✓✓
- Vierde grootste nywerheid in Suid-Afrika ✓✓ ondersteun 700 hotelle, 2 800 gastehuse en bed-en-ontbyt ondernemings, en 10 000 restaurante ✓✓

INDIENSNAME:

- Toerisme is arbeidsintensief ✓✓ meer werksgeleenthede word geskep met elke eenheid kapitaal geïnvesteer in toerisme as elders ✓✓
- Toerisme neem baie vaardighede in diens ✓✓ verskeie vaardighede benodig – potensiaal van werksopleiding is baie groot ✓✓
- Toerisme kan onmiddellike indiensname verseker ✓✓ indien georganiseer en gefokus, kan baie werksgeleenthede geskep word in 'n kort tydspanne ✓✓
- Toerisme verskaf entrepreneursgeleenthede ✓✓
- Indiensname van beraamde 7% van SA arbeidsmag (2010 meer as 1.2m mense) ✓✓ is potensieel beskou as die grootste werkverskaffer en verdieners van buitelandse valuta ✓✓
- Grootste werkverskaffer ✓✓ verskaf een uit elke 9 werke ✓✓
- Elke agste toeris wat 'n land besoek lei tot een permanente werkgeleentheid ✓✓
- Skep direkte werksgeleenthede ✓✓ toeriste akkommodasie instellings, ontspanning, restaurante ens. ✓✓
- Skep indirekte werksgeleenthede ✓✓ ander sektore van die ekonomie as gevolg van toerisme ✓✓

(2 x 4)

(8)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150

AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

- Moet 'n inleiding, inhoud en slot insluit.
- Vir die inleiding en slot sal 5 punte toegeken word.
- 'n Bykomende 5 punte sal toegeken word vir die interpretasie van die onderwerp.
- 'n Maksimum van 40 punte sal toegeken word vir die inhoud.

VRAAG 7

Bespreek die vernaamste aanbodredes vir internasionale handel.

INLEIDING

Geen land kan oorleef op sy eie nie omdat handel die basiese komponent van alle ekonomiese aktiwiteit vorm en onderneem word vir wedersydse voordeel ✓✓✓ / Lande bied goedere vir handel aan omdat hulle hulpbronne het wat ander lande nie oor beskik nie ✓✓✓ / Internasionale handel is handel oor landsgrense ✓✓✓
Enige ander relevante inleiding. (Maks 3 punte)

INHOUD**1. Natuurlike hulpbronne (produksiefaktore) ✓✓**

- Dis nie eweredig versprei tussen alle lande van die wêreld nie ✓✓
- Dit verskil van land tot land en kan slegs ontgin word in plekke waar daar sulke hulpbronne voorkom ✓✓
- Elke land het sy eie unieke mengsel van natuurlike hulpbronne wat dit vir hulle moontlik maak om sekere goedere en dienste meer effektief te produseer en teen 'n relatiewe laer prys ✓✓
- (bv.) Suid-Afrika se goud- en diamantbronne het ons 'n voordeel gegee in die produksie van goud en diamante ✓✓

2. Klimaatstoestande ✓✓

- Verskille in klimaatstoestande tussen lande maak dit moontlik vir sekere lande om sekere goedere teen 'n laer prys as ander lande te produseer ✓✓
- Baie gewasse kan slegs in sekere klimaatstoestande verbou word in sekere gebiede en sekere soorte grond ✓✓
- Topografie ✓✓

3. Arbeidsbronne ✓✓

- Die kwaliteit, hoeveelheid en arbeidskoste verskil tussen lande ✓✓
- Sekere lande het hoogs geskoolde arbeid met hoë produktiwiteitskoerse ✓✓
- Dit stel hulle in staat om goedere en dienste te produseer teen laer pryse as wat dit geproduseer sou kon word deur ander lande ✓✓
- Sekere individue het 'n groter vermoë en aanleg vir sekere take ✓✓
- Dit is 'n wêreldwye verskynsel dat sommige lande 'n vaardigheid en aanleg ontwikkel het vir die produksie van 'n sekere goed ✓✓
- Bv. Switserland ✓✓ (horlosieervaardiging)

4. Tegnologie ✓✓

- Sekere lande het toegang tot tegnologiese hulpbronne wat hulle in staat stel om sekere goedere en dienste teen 'n lae eenheidskoste te produseer ✓✓
- Verbeterde produksieprosesse, beskikbaarheid van toerusting en masjinerie en ander tegnologiese faktore beïnvloed almal die aanbod van goedere en dienste ✓✓ en dra ook by tot die kosteverskille tussen lande ✓✓
- (bv.) Japan ✓✓

5. Spesialisasie ✓✓

- Sommige lande spesialiseer in die produksie van sekere goedere en dienste ✓✓
- Deur te spesialiseer in die produksie van 'n sekere goed of diens, stel dit 'n land in staat om voordeel te trek uit skaalvoordele en kan dus die goedere produseer teen 'n vergelykende eenheidskoste-voordeel ✓✓
- (bv.) Japan ✓✓ het gespesialiseer in die produksie van sekere elektroniese goedere en hulle verkoop teen 'n baie laer prys as wat hulle in ander lande geproduseer kan word ✓✓
- Dit lei dikwels tot massaproduksie a.g.v. arbeidsverdeling ✓✓ automatisasie ✓✓ en meganisering ✓✓
- Kosteverskille ✓✓ kom voor omdat goedere en dienste geproduseer kan word teen laer koste in een land as 'n ander land a.g.v. die teorie van vergelykende voordeel ✓✓

6. Kapitaal ✓✓

- Kan nie ewe maklik bekom word in sekere lande as in ander nie ✓✓
- Ontwikkelde lande geniet 'n voordeel bo ontwikkelende lande ✓✓
- A.g.v. 'n gebrek aan kapitaal, kan sekere lande nie alle goedere produseer wat hulle benodig nie, of hulle geniet die gunstige toestande soos in ander lande nie ✓✓
- Fisiese infrastruktuur ✓✓

7. Ekonomiese vryheid en mededingendheid ✓✓**8. Stabiele owerheid** ✓✓

(Maks 40)

SLOT

Dit is duidelik uit die bogenoemde bespreking dat aanbod-redes 'n definitiewe impak het op internasionale handel ✓✓
(Maks 2 punte)

Gebruik die volgende assesseringsruit in samewerking met die bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite korrek met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 – 45)

(Maks 5 punte)

VRAAG 8

Gebruik grafieke om die verskillende korttermyn-ewewigposisies vir 'n individuele besigheid in die volmaakte mark te ontleed.

Inleiding

'n Volmaakte mark is 'n markstruktuur wat 'n groot aantal kopers en verkopers het wat nie in staat is om die prys te beïnvloed nie. Verkopers is dus prysnemers ✓✓✓

Aanvaar enige ander relevante definisie van volmaakte markte. (Maks 3 punte)

INHOUD**DIE INDIVIDUELE BESIGHEID****In die mark**

- Markprys bepaal deur interaksie tussen vraag + aanbod ✓✓
- VV neig afwaarts van links na regs en AA neig opwaarts van links na regs ✓✓
- Individuele besighede vorm klein deel van mark – beïnvloed nie markprys nie – prysnemer ✓✓
- Sal nie hoër/laer prys vra nie – redes ✓✓
- Grafieke:

Puntetoekenning:

Korrekte opskrif vir grafiek = 2 punte

Posisie/kurwe van grafieke = 1 punt


Benoeming van asse = 2 punte

Benoeming op asse = 1 punt

Benoeming van grafieke = 4 punte

Ewigspunt aangedui = 1 punt

MAKSIMUM 4 PUNTE PER GRAFIEK = 8




- Vir elke eenheid verkoop, ontvang besigheid dieselfde prys: dus $P1 = AR = MR$ (= individuele vraagkurwe) ✓✓
- Ekonomiese koste = geleentheidskoste = eksplisiete koste + implisiete koste ✓✓
- Eksplisiete koste = werklike besteding van besigheid op lone, rente, verhuur van grond, grondstowwe ✓✓
- Implisiete koste = waarde van insette besit deur entrepreneur + gebruik in produksieproses (opgeofferde huur, rente + salaris) ✓✓

Produksie, winste, verliese en aanbod

Maksimumwins vir individuele besigheid


- Vraagkurwe vir individuele besigheid is horisontale lyn teen markprys ✓✓
- Om maksimum winste te verkry, word markprys + eie kostestruktuur in ag geneem om produksiekapasiteit te bepaal. ✓✓
- Grafieke



- Horisontale vraagkurwe verteenwoordig MR + AR. ✓✓
- MAKSIMUM WINS: punt van interaksie tussen SMC + MR – punt e. ✓✓
- Regs van punt e (q_3), produksiekste oorskrei inkomste ($SMC > MR$) – ly verlies ✓✓
- Punt e = maksimeer wins = ewewig ✓✓
- Brei produksie uit tot punt waar korttermyn marginale koste = grensinkomste – op stygende deel van SMC (dalende deel dui op maksimum verlies). ✓✓

Produksie + aanbod vir besigheid

- Maksimum wins as $MK=MI$ – gebruik om besigheid se aanbodkurwe af te lei ✓✓
- Neem verskillende markpryse in ag en bepaal hoeveel besigheid sal produseer teen elke prys – produksie bepaal aanbod. ✓✓
- Voeg gemiddelde veranderlike koste (GVK) by bv. arbeidskoste, materiaal koste, brandstof + elektrisiteit. ✓✓
- Grafieke



- Markprys styg a.g.v. toename in vraag ✓✓
- Horisontale vraagkurwe vir besigheid se produk skuif opwaarts - – sny MK kurwe regs van vorige punt van interaksie (e_1, e_2, e_3) ✓✓
- Elke punt toon maksimum wins waar $MK = MI$ ✓✓
- Punte e toon beigheid se aanbod teen verskillendere markpryse- aanbod begin by punt e. ✓✓
- Punte links van e_1 – waar besigheid nie sy veranderlike koste kan dek nie – sluit deure = toemaakpunt. ✓✓

Ewewigsposisies:

In 'n volmaakte mark word die individuele besigheid gekonfronteer met die horisontale vraagkurwe ✓✓

Die markprys word bepaal deur die nywerheid (vraag en aanbodkurwes). ✓✓


Dit beteken dat individuele besighede prysnemers is, wat nie die pryse kan beïnvloed nie ✓✓

'n Individuele besigheid kan die uitset verminder of vermeerder om wins te maksimeer ✓✓

Wins word gemaksimeer waar $MK = MI$ ✓✓

Dis die optimum produksiepunt (verlies geminimeer word) en staan bekend as die ewewigspunt ✓✓

LET WEL: Die bogenoemde antwoord moet gemerk word in verhouding tot die verduideliking van die grafieke. Moenie dubbel krediet toeken as daar 'n herhaling voorkom in die verduideliking van elke ewewigsposisie nie.




Ewewig is by E_1 dus waar die besigheid $MK - NI$ produseer ✓✓

By hierdie punt is Q_1 goedere geproduseer teen 'n prys van P_1 ✓✓

Die gemiddelde koste vir Q_1 is punt R op die GK-kurwe ✓✓

Prys/GI is groter as GK ✓✓ ($TI > TK$)

Daarom word die ekonomiese wins voorgestel deur die area P_1SRE_1 ✓✓




Ewig is by E_1 dus waar die besigheid $MK = MI$ produseer ✓✓

By hierdie punt word Q_1 goedere geproduseer teen prys P_1 ✓✓

By ewig (punt E_1) is jou gemiddelde koste gelyk aan die prys ✓✓ / die GK-kromme vorm 'n raakpunt met die vraagkurwe wat beteken dat $P / GI = GK$ ($TI = TK$) ✓✓

Die besigheid maak 'n normale wins wat die minimum vergoeding is wat vereis word deur die entrepreneur as om die produksietak te verlaat en sy produksiefaktore elders aan te wend ✓✓



Ewig is by E_1 dus waar die besigheid $MK = MI$ produseer ✓✓

By hierdie punt word Q_1 goedere geproduseer teen prys P_1 ✓✓

By ewig (punt E_1) is prys/GI minder as die gemiddelde koste / die GK-kurwe lê bo the vraagkurwe, wat beteken dat $P/GI < GK$ ($TI < TK$) ✓✓

Die besigheid maak 'n ekonomiese verlies ✓✓

SLOT

Vryheid van toe- en uittrede tot die volmaakte mark beïnvloed die aanbod van goedere op die mark. Dit lei tot veranderinge in prys wat die wins of verlies van 'n besigheid beïnvloed. ✓✓ As die prys daal tot 'n vlak waar dit gelyk is aan die GVK, sal die besigheid sluit ✓✓ (Maks 2)

Gebruik die volgende assesseringsruit in samewerking met die bogenoemde om die bespreking te assesseer

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreter die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreter die onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 – 45)

(Maks 5 punte)

[50]

VRAAG 9

Bespreek die volgende ekonomiese aanwysers, wat gebruik word om die prestasie van die ekonomie te meet:

- produksie (reële BBP);
- indiensname/werkloosheid;
- geldvoorraad;
- die inflasiekoers (VPI).

INLEIDING

Ekonomiese aanwysers word gebruik om die prestasie van die ekonomie te meet wat betref groei, prysstabiliteit en wisselkoersstabiliteit. ✓✓✓

Enige ander relevante inleiding.

(Maks 3)

INHOUD**1. Produksie (Reële BBP)**

- BBP is die totale waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die landsgrense in een jaar ✓✓
- Meet die totale produksie van 'n ekonomie ✓✓
- Formule: $\frac{BBP_t - BBP_o}{BBP_o} \times 100$ ✓✓
- 'n Toename in BBP sal lei tot ekonomiese groei ✓✓
- Gee 'n aanduiding van:
 - Ekonomiese groei ✓✓
 - Relatiewe belangrikheid van verskillende sektore in die ekonomie ✓✓
 - Suid-Afrika se ekonomiese groei in verhouding tot groei van ander lande ✓✓
 - Reële BBP meet groeiprestasie van die ekonomie ✓✓ / BBP aangepas vir prystoenames ✓✓
 - Reële BBP gebruik in voorspelling ✓✓ reële BBP gebruik om sakesiklusse te omskryf ✓✓
 - Per capita reële BBP gebruik om ekonomiese ontwikkeling aan te dui, dui ook op lewenstandaarde en vergelyking van lewenstandaarde ✓✓
 - As die bevolking teen 'n vinniger koers as die ekonomie groei, is almal slegter daaraan toe ongeag die toename in die hoeveelheid goedere en dienste ✓✓ (Vir hierdie rede word die per capita RBBP bereken)
 - Berekening: per capita RBBP = RBBP / bevolkingsaantal ✓✓
 - Die per capita syfers word gebruik vir 3 doeleindes:
 - Aanduiding van ekonomiese ontwikkeling ✓✓
 - Aanduiding van lewenstandaarde ✓✓
 - Vergelyk lewenstandaarde ✓✓

(Maks 12)

2. Indiensname

- Volle indiensname verwys na die mikpunt om almal wat bereid is om te werk teen huidige loonkoerse van 'n werk te voorsien ✓✓
- Toename in indiensname verlaag die verlies aan produksie – produseer meer goedere en dienste ✓✓
- Werkloosheid word bereken deur die aantal persone wat bereid en in staat is om te werk maar nie 'n werk het nie, as 'n persentasie van die totale aantal mense wat bereid en in staat is om te werk, uit te druk (EAB) ✓✓
- Indiensnamekoers – bereken deur aantal werkende mense uit te druk as 'n persentasie van die EAB ✓✓ / arbeidsmagdeelnamekoers ✓✓
- Indiensname is belangrik in die voorspelling van neigings – indiensname in die verskillende sektore ✓✓
- Asook die berekenings van produktiwiteit / werkloosheid / indiensnamekoerse ✓✓
- Om ekonomiese suksesse te verseker ✓✓

Faktore wat 'n negatiewe impak kan hê op die arbeidsmark en indiensname is:

- Stadige reële ekonomiese groei ✓✓
 - Daling in die koers van kapitaalvorming tot BBP ✓✓
 - Toename in vraag na hoogs geskoolde arbeid, terwyl daar 'n ooraanbod van lae-geskoolde arbeid is ✓✓
- Enige ander algemeen-relevante inligting bv. Huidige statistiek (huidige werkloosheidskoers = $\pm 25 - 28\%$) (Maks 12)

3. Die geldvoorraad

- Rentekoerse is die vernaamste bepalers van investering op 'n makroekonomiese skaal ✓✓
 - Die slutelfaktor by rentekoerse, waardeur alle rentekoerse bepaal word, is die repokoers ✓✓
 - Rentekoerse is baie belangrike aanwysers – as hulle styg, sal skuld van huishoudings en besighede groter terugbetalings vereis ✓✓
 - Dit sluit huurkoop en behuising asook ander eiendomslenings in ✓✓
 - Dit mag 'n aanduiding wees van 'n afswaai in die sakesiklus wat sloer ✓✓
 - Beteken dat huishoudings se inkomste daal soos werkers hul werke verloor ✓✓
 - Teen die agtergrond van 'n afkoeling in die wêreld- en binnelandse ekonomie sal dit lei tot 'n verbeterde mediumtermyn uitkyk op inflasie as die MBK besluit om die terugkoopkoers te verlaag (repokoers) ✓✓
 - Die geldvoorraad (aanbod) is die verantwoordelikheid van SARB ✓✓
 - Dis belangrik om 'n vroeë waarskuwing te gee van moontlike veranderinge in inflasie ✓✓
 - SARB definieer die hoeveelheid geld as bestaande uit 3 totale:
 - M1 – sluit note en muntyre en opvraagbare bankdeposito's in vir die plaaslike privaatsektor by geldelike instellings ✓✓
 - M2 – is gelyk aan M1 plus alle ander korttermyn en mediumtermyn deposito's van die plaaslike privaatsektor by geldelike instellings ✓✓
 - M3 – is gelyk aan M3 plus alle langtermyn deposito's van die plaaslike privaatsektor by geldelike instellings ✓✓ (Maks 12)
- Enige ander algemeen-relevante inligting bv. huidige statistiek.

4. Inflasiekoers (VPI)

- Word gedefinieer as 'n volgehoue toename in die algemene pryspeil en 'n daling in die koopkrag van geld ✓✓
 - Verbruikersprys-indekse toon prysveranderinge van 'n verteenwoordigende mandjie goedere en dienste wat verbruikers koop ✓✓
 - Die indeks dek metropolitaanse en ander stedelike areas ✓✓
 - Dis 'n allesinsluitende indeks en die gewigte word verkry uit die besteding van verskillende inkomste-kategorieë huishoudings ✓✓
 - Dit is die mees komprehensiewe aanwyser wat verbruikersinflasie in Suid-Afrika meet ✓✓
 - Dit toon veranderinge in die algemene koopkrag van die rand ✓✓
 - Die VPI daal tot binne die inflasieteiken van 3 – 6% oor 'n periode ✓✓
 - Wat beteken dat inflasie vir tyd en wyl, onder beheer gebring is, a.g.v. streng monetêre maatreëls deur SARB ✓✓
 - Die negatiewe persepsie van verbruikers in die ekonomie a.g.v. die wêreldwye resessie ✓✓
 - Rentekoerse is die vernaamste monetêre instrument gebruik deur SARB om inflasie te beveg ✓✓
- Enige ander algemeen-relevante inligting bv. huidige statistiek (5.7% inflasiekoers)
(Maks 12)

SLOT

Die bogenoemde aanwysers help ekonome om besluite te neem rakende die ekonomie ✓✓
Enige relevante gevolgtrekking.

Gebruik die volgende assesseringsruit in samewerking met die bogenoemde om die bespreking te assesseer:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip van die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreteer die onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 – 45)

(Maks 5 punte)

[50]

VRAAG 10

Bespreek die oorsake en gevolge van vraagtrek-inflasie.

INLEIDING

Vraagtrek-inflasie kom voor wanneer markvraag vir goedere en dienste die markaanbod van goedere en dienste oorskrei ✓✓✓ Vraagtrek-inflasie kan omskryf word as 'n geval van 'te veel geld wat te min goedere jaag' (Maks 3)
Enige ander relevante inleiding.

INHOUD

- **Toename in verbruiksbesteding (C)** ✓✓ inkomste van huishoudings styg vinniger as die markaanbod ✓✓ a.g.v.: Minder besparing ✓✓ begin lopende en opgehoopte spare bestee ✓✓ Verminderde belasting ✓✓ bv. persoonlike inkomstebelasting ✓✓
- **Toegang tot krediet** ✓✓ as rentekoers daal sal meer geld gevra word ✓✓
Toename in ekonomies-aktiewe bevolking ✓✓ verhoog die vraag na baie verbruikersitems ✓✓ maak meer geld geredelik beskikbaar bv. Kredietkaarte, oortrekkingsfasiliteite ✓✓
- **Investeringsbesteding** ✓✓ laer rentekoerse lei tot verbeterde winsverwagtings in 'n besigheid ✓✓ besigheid investeer meer wat mag lei tot 'n toename in vraag na goedere en dienste ✓✓ deel van investering bv. sement, stene ✓✓
- **Owerheidsbesteding** ✓✓ toename sonder ooreenstemmende styging in markaanbod lei tot prysstygings ✓✓ owerheid leen geld by banke wat lei tot meer geld in sirkulasie ✓✓ owerheid spandeer geld op infrastruktuur, verbruiksbesteding en sosiale besteding ✓✓ verbruikers het meer geld om te spandeer maar geen goedere om hul geld op te spandeer nie ✓✓
- **Uitvoerverdienste** ✓✓ buitelandse groei skep 'n vraag na plaaslik-geproduseerde goedere ✓✓ verkope van uitvoere verhoog die geldaanbod in 'n land wat die vraag verhoog ✓✓ as uitvoere toeneem, met geen toename in binnelandse produksier nie, sal minder goedere beskikbaar wees in die land ✓✓
- **Vraag na kommoditeite** ✓✓ neem toe en af soos in sakesiklusse ✓✓
- 'n Toename in die geldvoorraad sonder 'n ooreenstemmende toename in produksie in verhouding tot die geldvoorraad veroorsaak 'n oormatige vraag ✓✓
(Maks 20)

Gevolge:

- **Daling in die koopkrag van geld** ✓✓ verbruikers koop minder met dieselfde hoeveelheid geld ✓✓
- **Styging in armoedevlakke** ✓✓ geld is minder werd as voorheen – nie in staat om die basiese behoefte soos in die verlede te bevredig nie ✓✓
- **Benadeelde persone afhanklik van 'n vaste inkome** ✓✓ persone se geldinkomste groei stadiger as die toename in die algemene prysvlak van goedere soos rente en huur wat negatief beïnvloed word ✓✓ persone met 'n vaste inkomste word benadeel ✓✓ pensionarisse kry die swaarste onder inflasie ✓✓
- **Psigologiese invloed** ✓✓ verbruikers wil nou spandeer a.g.v. die vrees dat hoër pryse in die toekoms die koopkrag van hul geld gaan verlaag ✓✓
- **Negatiewe invloed van besparings** ✓✓ mense wat geld leen sal meer geraak word deur hoër inflasiekoerse ✓✓ as rentekoers ontvang laer is as die inflasiekoers, sal die reële waarde van geld daal ✓✓
- **Toename in werkloosheid** ✓✓ hoër pryse sal lei tot 'n afname in vraag, wat produksievlakke verlaag en lei tot toename in werkloosheid ✓✓
- **Betalingsbalansprobleme** ✓✓ toename in inflasiekoers sal lei tot 'n situasie waar Suid-Afrika dit moeilik vind om produkte te verkoop op internasionale markte ✓✓ uitvoere sal daal en tekorte sal voorkom op die betalingsbalans ✓✓
- **Toename in belastinginkome vir owerheid** ✓✓ meer persoonlike inkomstebelasting betaalbaar aan die staat a.g.v. hoër salarisse veroorsaak deur inflasie ✓✓
- Inflasie het negatiewe impak op ekonomiese groei ✓✓ inflasie ontnem die monetêre eenheid sy funksie as betroubare metingseenheid ✓✓ die gevolg is dat vertroue, stabiliteit en sekerheid ondermyn word oor tyd ✓✓
- Debiteure word bevoordeel ten koste van krediteure ✓✓ die oorspronklike skuld is aangegaan toe geld 'n hoër reële waarde gehad het, maar is terugbetaal in 'n geld met 'n laer reële waarde ✓✓
- Stimuleer investering ✓✓ mense wat investeer in onderhandelbare instrumente en sekuriteite, aandele, ens. word dikwels bevoordeel deur inflasie ✓✓ die rede is die waarde van hierdie belegging vinniger toeneem as die inflasiekoers ✓✓
- Veroorsaak sosiale en politieke koste wat vernietigend kan wees / Nywerheids- en sosiale onrus ✓✓ voortdurende stygende pryse veroorsaak ongelukkigheid en gebrek aan vertroue ✓✓
- Loononderhandelinge gaan dikwels gepaard met stakings en wegblyksies ✓✓ hierdie aksies het 'n oorspoeleffek tot geweld ✓✓
- Inflasie voed homself ✓✓ inflasiespirale kom voor, aangesien mense verwag dat inflasie gaan voortduur – doen hulle dinge wat verdere inflasie aanblaas = hiperinflasie ✓✓

(Maks 20)

SLOT

Uit die bogenoemde verduideliking is dit duidelik watter faktore vraagtrekinflasie beïnvloed, en dat behalwe die fiskale beleid, daar ook ander maatreëls is wat inflasie hokslaen.

(Maks 2)

Gebruik die volgende assesseringsruit in samewerking met die bogenoemde om die bespreking te assesser:

PUNTE	INTERPRETASIE VAN DIE ONDERWERP
0	Kandidaat toon geen begrip van die onderwerp nie.
1	Kandidaat toon 'n mate van begrip vir die onderwerp maar mis belangrike aspekte van die onderwerp. (1 – 15)
3	Kandidaat interpreter die onderwerp korrek, maar verbind nie die feite met die onderwerp nie. (16 – 30)
5	Kandidaat interpreter die onderwerp korrek en verbind die feite met die onderwerp. (31 – 45)

(Maks 5 punte)

[50]

TOTAAL AFDELING C: 100

GROOTTOTAAL: 300